BL. 1

KWA- ZULU NATAL DEPT. VAN ONDERWYS
GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL
MAART BEHEERDE TOETS - 2017
AFRIKAANS EAT
BEGRIPS / OPSOMMING / TAAL.

GRAAD : 12
EKSAMINATRISE : P. SINGH
MODERATOR : S.R.PANDAY

PUNTE : 40
TYD : 1 UUR
DATUM : 17/ 3/17

NAAM : ............................................ GRAAD : 12 ...

Instruksies aan Leerders :


1. Hierdie vraestel bestaan uit ..7.......bladsye.
2. Hierdie vraestel bestaan uit 3 Afdelings A. Begrips : 10 punte .
   B. Opsomming : 10 punte.
   C. Taal : 20 punte .
3. Beantwoord AL die vrae .
4. Nommer jou antwoord presies soos die vraestel .
5. Skryf netjies en leesbaar .

AFDELING A . Visuele Teks
TEKS A Advertensie .

Vraag 1 : Lees die Advertensie en beantwoord die vrae wat volg :

Blaai om.....vir BL. 2

Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.




**SLIM IS DIE NUWE COOL. KRY JOU HOEZIT! VANDAG!**
**Hoezit!** is die ATKV se eie Afrikaanse kindertydskrif wat opvoedkundige leesstof, maar ook gesonde , prettige vermaak aan sy jong lesers bied! Skakel 011 919 9112 of stuur 'n e-pos na hoezit@aktv.org.za om in te teken. **Hoezit!** is ook by toonaangewende winkels beskikbaar.

www.hoezit.co.za

[Uit: *Lapaboeke*, 1 Maart – 31 Mei 2012]

Vrae :

1.1 Kies die korrekte Antwoord tussen hakies . Skryf net die nommer en die antwoord neer .
Die titel " Hoezit " is gepas vir tieners want dit ( klink snaaks om uit te spreek / is tipiese tienertaal ) (1)

1.2 Wat impliseer die woord " cool " in die advertensie . (1)

1.3 Wie is die teikengroep vir hierdie advertensie ? (1)

1.4 Waarom word verskillende lettertipes gebruik ? (1)

1.5 Kies die korrekte Antwoord . Skryf net die nommer en die korrekte letter neer :
Die meisie se liggaamstaal dui .........aan. (1)

A. Woede .
B. Geluk.
C. Ontsteltenis
D. Verbasing .

1.6 " Hoezit ! " is 'n tydskrif slegs vir meisies .

1.6.1 Is die stelling Waar of Onwaar ? Motiveer jou antwoord . (1)

Blaai om..... vir BL. 3

1.7 Haal 2 agtereenvolgende woorde aan wat vir jou sê dat hierdie tydskrif ook vir navorsing en skoolwerk geskik (suitable ) is (1)
1.8 Haal EEN woord aan wat vir ons sê dat ons die tydskrif dadelik moet koop . (1)
1.9 Die advertensie sê dit is " die pretboek " met "prettige vermaak " .Noem EEN aspek /artikel wat dit prettig sal maak . (1)
1.10 Sou jy hierdie tydskrif koop ? Gee 'n rede vir jou antwoord ? (1)

(10)

AFDELING B : OPSOMMING .

VRAAG 2 : ELEKTRISITEIT . (Die skokkende waarheid )

1) Som die Veiligheidsmaatreels (safety measures) in verband met elektrisiteit in 7 volsinne op .
2) Skryf jou hoofpunte in volsinne neer .
3) Skryf die sinne puntsgewys neer .
4) Laat 'n reël tussen die sinne oop .
5) Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie .
6) Dui die korrekte getal woorde aan .

**TEKS B**

**ELEKTRISITEIT**

**Die skokkende waarheid**

Hier is 'n paar veiligheidsmaatreëls in verband met elektrisiteit.

1 Wat doen 'n mens as daar 'n elektriese-fout in jou huis is? Jy moet doodseker maak dat jy weet waar die hoofskakelaar van jou huis is sodat jy dit kan afskakel indien daar probleme is.

2 Alle nat vloere is baie gevaarlik as daar met elektrisiteit gewerk word, daarom moet 'n mens nooit aan 'n elektriese toestel raak as jou hande, voete of jou hele lyf nat is nie.

3 Jy moet ook nie klere by 'n elektriese verwarmer droog maak en toelaat dat water op dele drup wat "lewend" is nie. Nog belangriker is om nooit aan elektriese toerusting te raak terwyl jy in die bad is nie. Sulke toerusting kan foutief wees of dalk in die water val en 'n elektriese stroom daardeur stuur.

Blaai om ...... vir Bl. 4

4 Onthou om altyd die prop uit te trek voordat jy water in 'n elektriese ketel gooi. En moenie die koord dadelik om 'n strykyster draai nadat jy klaar gestryk het nie. Gee dit kans om af te koel.

5 Moenie muursokke oorlaai deur te veel muurproppe daar in te druk nie (byvoorbeeld proppe vir die televisie, rekenaar, strykyster, verwarmer, platespeler, ens. alles by een punt nie). Die oorlaaiing van muursokke is 'n probleem wat algemeen voorkom.

6 Skakel elektriese komberse aan sowat 'n uur voordat jy in die bed klim en skakel dit af net voordat jy gaan slaap en onthou om die regte grootte kombers vir die bed te gebruik.

7 Dit klink na oorbodige raad omdat almal dit behoort te weet, maar dit kan nie ongesê gelaat word nie: Moenie jou vingers of voorwerpe (veral metaalvoorwerpe) in sokke insteek of aan elektriese apparate peuter wat nog êrens ingeprop is nie.

*[Verwerk uit Mieliestronk.com]*

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

(10)


AFDELING C TAAL

VRAAG 3 SPOTPRENT .

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae wat vol :

TEKS C

Blaai om.... vir Bl. 5




[Verwerk uit *Beeld*, 2013]

3.1 Kies die korrekte Uitroep tussen hakies :
(Ag tog ! / Hoera ! ) Gertjie het alweer nie geslaag nie (1)

3.2 Skryf die sin oor in die Indirekte Rede :
Gertjie sê vir sy Pa : “ Ek voel nie so sleg nie .” (1)

3.3 Kies die korrekte antwoord . Skryf net die nommer en die letter neer .
Engeland kon nie die paal bereik nie ,beteken dat :

A. Die spelers te moeg was om klaar te speel
B. Baie van hulle paaltjies geval het .
C. Baie van sy spelers nie goed speel nie .
D. Hulle die wedstryd verloor. (1)

3.4 Gee die korrekte Afrikaanse Woord vir die woord tussen hakies :

Blaai om ...... vir Bl. 6

Gelukkig lees Gertjie darem die (nuuspapier ) (1)

3.5 Watter gevoel druk Pa se GESIGSUITDRUKKING uit met Gertjie se matriekuitslae . (1)

3.6 Stel 'n Vraag op waar die onderstreepte deel die antwoord is .
Engeland se krieketspan kon ook nie 50 lopies kry nie . (1)

3.7 Gee die Verkleinsvorm van die onderstreepte woord .
Daar staan 'n klein skinkbord op die tafel . (1)

3.8 Verbind die sinne met die Voegwoord tussen hakies :
Pa en Gert gesels . Hulle drink koffie . (terwyl) (1)

3.9 Gee die korrekte Voornaamwoord tussen hakies .
Gertjie se pa weet nie hoe om (hy/sy/hom ) te motiveer nie . (1)

3.10 Skryf die onderstaande sin in die Verlede Tyd .
Gertjie sit en lees die Beeld om sy teleurstelling weg te steek . (1)

3.11 Skryf die volgende sin in die Infinitief :
Pa voel teleurgesteld oor Gertjie se uitslae . (1)
Begin so : Pa behoort ..........

3.12 skryf die onderstaande sin in die Lydende Vorm :
Die skool verwag vanjaar goeie uitslae . (1)

3.13 Skryf die onderstaande sin in die Toekomende Tyd .
Engeland se krieketspan kry nie lopies nie . (1)

3.14 Beantwoord in die Ontkennende Vorm :
Het Pa al ooit kwaad geword . Begin so : Nee,.........(1)


3.15 Gee die Antoniem van die onderstreepte Woord .
Die stoom wat uit die beker trek , wys vir ons dat die koffie koud is .(1)

(15)

Teks D Die taalvrae is op die onderstaande prent gebaseer :

Blaai om ...... vir Bl. 7

Teks D.



3.16. Voltooi die volgende sin met die Korrekte Voorsetsel :
Die koppie staan ………….. die pering . (1)

3.17 Vorm 'n Deelwoord van die woord tussen hakies :
Daar is (huil ) kinders in die verhaal . (1)

3.18 Kies die korrekte antwoord . skryf net die nommer en die korrekte letter neer .
Volgens die klok is dit om ………

A. seweuur .
B. sewe uur
C. sewe – uur
D. sewe ure (1)

3.19 Vorm 'n SAMESTELLING van die woord tussen hakies .
Die boeke is vol ( kind + verhale ) (1)

3.20 Gee die Vergrotende Trap van die onderstreepte woord :
Hy sal laat as sy boetie die boek klaar lees . (1)

(5)

TOTAAL : 20

HOD - LANGUAGES
S.R. PANDAY